191.T.5 (87)

# ONS NASIONALE ERFENIS

## DEUR PROF. H. B. THOM

(Rede gelewer by geleentheid van 'n simposium van die Historiese Monumente-kommissie oor die tema Ons Erfenis, Pretoria, 9 Oktober 1968, om 8.30 nm.)

Nasionale erfenis. - Begrippe: nasie en volk. Toepassing op S.-Afr. x x x

Ons onderwerp omvat 'n geweldige ruime veld, en ons kan nie in die kort tyd tot ons beskikking aan al die aspekte daarvan reg laat geskied nie. Daarom sal dit nodig wees om net sekere hoofsake uit te lig en daarby stil te staan.

Om tot 'n bevredigende begrip van die inhoud en betekenis van ons onderwerp te kom, kan ons eers 'n kort ensiklopediese benadering toepas, en dit dan deur 'n saaklike vertolking opvolg. Die inhoud van die onderwerp kan immers die beste ensiklopedies toegelig word, terwyl die betekenis uit die aard van die saak langs die weg van vertolking of interpretasie gevind moet word. Ek wil maar net hoop dat my gehoor met die ensiklopediese benadering nie gou verveeld sal raak nie, iets wat soms by jongmense - en by name universiteitstudente - maklik gebeur!

### A

Ons gaan dan eers ensiklopedies te werk. Ons het te doen met die begrip „erfenis", meer nog „ons erfenis". Wat verstaan ons hieronder? 'n Indiwidu kan 'n erfenis besit: dit is iets wat hy van iemand wat reeds heengegaan het, ontvang het. Gewoonlik is die erflater 'n vader of moeder of ander familiebetrekking, of miskien 'n belangstellende vriend of bewonderaar. Die erfenis kan die vorm aanneem van bv. geld, 'n huis, grond, vee of ander roerende goedere. Ook 'n volk kan 'n erfenis besit, t.w. iets wat die lede van daardie volk van hulle voorgeslagte ontvang het, en wat vir hulle van nasionale betekenis geword het. In albei gevalle gaan dit om 'n nalatenskap deur mense wat reeds oorlede is, maar waar dit in die geval van 'n indiwidu gewoonlik by wyse van 'n geskrewe testament en werklike besitname geskied, geskied dit in die geval van 'n volk deur gewone opvolging en besitname in 'n geestelike sin.

Praat/..........

nasionale
Praat ons hier van „ons/erfenis", dan dink ons aan die nalatenskap wat ons as Suid-Afrikaanse nasie van ons eie voorgeslagte ontvang het. Of hierdie mense Nederlandssprekend was, of Franssprekend of Duitssprekend of Engelssprekend, dit kom nie daarop aan nie, solank hulle tot ons voorgeslagte behoort het en iets nagelaat het wat ons vandag, in geestelike sin, as ons eie kan beskou. Ook kom dit nie daarop aan of ons vandag tot die Afrikaanse volk behoort, en of ons Engelssprekend is nie; ons behoort immers almal tot die Suid-Afrikaanse nasie; en wat ons voorgeslagte vir ons nagelaat het, aanvaar ons as ons gemeenskaplike nasionale erfenis. Die feit dat die Suid-Afrikaanse nasie van verskillende ouer volke afgestam het, het nie beperkend of verarmend op ons erfenis ingewerk nie; inteendeel, dit het juis die moontlikheid van 'n ryk en groot verskeidenheid verhoog.

nasionale
Om 'n duidelike beeld van ons/erfenis te kry en dit oorsigtelik te stel, moet ons onderskei tussen stoflike erfenis en geestelike erfenis Dit is nodig, want anders loop 'n mens gevaar om in die uitgestrekte veld, met sy bonte verskeidenheid, verlore te raak.

Onder die stoflike erfenis is inbegrepe dié dinge wat ons met die oog kan sien en met die hand kan tas, d.w.s. konkrete dinge. Ons dink eerstens aan geboue. Ons voorgeslagte het huise gebou om in te woon, en daar het vandag gelukkig nog baie daarvan bewaar gebly. Die huise is vanselfsprekend nie oral dieselfde nie. In Wes-Kaapland, waar daar reeds vroeg 'n redelike mate van welvaart en ekonomiese sekuriteit bestaan het, sien die ou huise anders daaruit as bv. in die droër binnelandse dele, waar ons voorgeslagte meer beweeg het, waar hulle nie in so 'n groot verskeidenheid van persoonlike behoeftes voorsien het nie, en gevolgelik veel eenvoudiger huise - tot die beskeie hartbeeshuisie toe - gebou het.

Die geboue is egter nie tot woonhuise beperk nie: daar is ook kerkgeboue, opvoedingsgeboue, geboue vir bestuur en administrasie, geregshowe, tronke, geboue vir sosiale byeenkomste, vir kuns en ontspanning, en geboue vir handelsdoeleindes en vir militêre doeleindes. Ook in hierdie gevalle is die geboue, wat dieselfde doeleindes gedien het, nie oral dieselfde nie: dit hang daarvan af uit watter tyd 'n gebou kom, waar dit geleë is, en hoeveel mense dit bedien het. Wanneer die nuwe operagebou in Pretoria gebou word, sal dit

ongetwyfeld/.........

ongetwyfeld baie anders daaruit sien as die sg. ou „operahuis"; en die ou drosdy van Stellenbosch het anders daaruit gesien as die moderne landdroskantore.

Ons moet egter nie net in terme van indiwiduele geboue dink nie: daar is ook dorpe, d.i. versamelinge van geboue op plekke waar mense om verskillende redes saamgetrek is. Die uitleg van 'n dorp sal in baie opsigte die spore toon van die tyd waarin dit uitgelê is. Ons plaas bv. sommige van die ou dele van Kaapstad, Stellenbosch en die Paarl, met hulle stegies en nou strate, langs plekke soos Sasolburg, Welkom en Randburg, en ons sal dadelik sien hoe geweldig verskillend die stempel van die tyd is.

Maar ons kom by die mens self, en sy persoonlike optrede en voorkome. Ons stoflike erfenis is ook te vinde in die kleredrag wat ons ouers en voorouers gedra het. Gaan maar na een van ons kultuurhistoriese musea en staan 'n oomblik stil voor die hoë glas toonkaste waarin kledingstukke van vorige geslagte uitgestal word: 'n mens word hier getref deur die deftige klere van die ryk stedelike burgerry, en daar weer deur die dienlike drag van die plattelandse boer; of hier deur die fyn trourok van 'n trotse, eertydse bruidjie, en daar deur die eenvoudige sis rok van die Voortrekkervrou; of hier deur 'n keurige dooprokkie, en daar deur die growwe velkleertjies van die grensboerkinders.

In ons musea sien ons ook talryke voorbeelde van die meublemente van ons voorgeslagte. Ons sien indrukwekkende, kosbare ou ingevoerde Hollandse en Engelse grootvader-huisklokke; ons staan by groot, swaar hemelbedde met hulle wye riempiematte; ons bewonder die dienlikheid en oorspronklikheid van ou klaptafels; ons word as't ware onweerstaanbaar aangetrek deur die stewige eenvoud en strelende ritme van 'n paar ou Kaapse eetkamerstoele. En so kan ons voortgaan om nog baie ander ou meubelstukke op te noem, maar dit is genoeg om aan te toon hoedat ons ook in hierdie geval met treffende voorbeelde van ons stoflike erfenis te doen het.

In dieselfde lig moet ou implemente gesien word: kombuisgereedskap en tafelgereedskap, boerderygereedskap, wynbougereedskap en -toebehore, timmermansgereedskap, toerusting vir die jag en die trekpad, skryfgereedskap en -materiale, en implemente van die oorlog.

Verder/..........

Verder is daar die groot kategorie van verkeersmiddele en verkeersweë. Ons dink aan die groot verskeidenheid van karre en waens wat in ons land gebruik is - van die oënskynlik ongerieflike kakebeenwa en die swaar lomp ossewa tot die regop kapkar en die soepele, fyn spaaider. Later kom die eerste treine, en dan die eerste moterkarre. Vir al hierdie verkeersmiddele is algaande ook meer en meer verkeersweë gebou: aanvanklik gewone, growwe grondpaadjies, dan verbeterde gruispaaie, vervolgens die eerste spoorweë, en dan die moderne teerpaaie. Al hierdie dinge is deel van ons stoflike, sigbare erfenis. Veel daarvan het verdwyn, maar in sekere musea het ons nog pragvoorbeelde van ou voertuie, en op baie plekke oor ons berge en deur ons velde kan nog ou historiese paaie gevolg word, soos bv. die ou trekpad deur die skurwe rotsbodem van die Sir Lowryspasberge, en 'n hele paar Voortrekkerpaaie oor die Drakensberge na Natal.

Die gebied van ons stoflike erfenis lê nog ver en wyd, maar ons kan dit nie veel verder verken nie. Ons noem nog slegs twee interessante kategorieë, t.w. plante en gewasse, en boeke en ander geskrifte. Sekere gewasse het vir ons 'n belangrike kultuurhistoriese betekenis: oor vrugte en groente soos die Kaapse witvy en die geelperske en die boerpampoen sou boekdele geskryf kon word, en eweneens oor sekere kruiegewasse soos tiemie, kruisement, roosmaryn, seldery, pietersielie en vinkel. Ook wat boeke en ander geskrifte aangaan, sou 'n mens met vrymoedigheid kon sê dat daar veel hiervan is wat, afgesien van die inhoud daarvan, d.w.s. bloot uitwendig gesien, kosbare historiese kultuurbesittinge uitmaak. Ons dink bv. aan die oorspronklike teks van die dagboek van Jan van Riebeeck, die nommers van Ons Klyntji, Di Patriot en die Commercial Advertiser, Preller se eerste uitgawe van Piet Retief, Percy Fitzpatrick se Jock of the Bushveld en nog baie ander. Ook in al hierdie dinge sien ons ons stoflike erfenis goed geïllustreer.

Ons stip vervolgens ons geestelike erfenis aan. Dit bestaan uit begrippe, beginsels, stelsels en gebruike, d.w.s. nie konkrete dinge nie, dinge wat ons nie met die oog kan sien en met die hand kan tas nie, maar dinge wat nietemin van die allergrootste betekenis in ons persoonlike en nasionale lewe is.

Die godsdiens neem in hierdie verband vir vrywel alle nasies 'n be-

langrike/..........

langrike plek in. Dit geld veral ook vir Suid-Afrikaners, en onder Suid-Afrikaners weer by uitstek vir die Afrikanervolk in wie se geskiedenis die godsdiens so intiem verweef is. Die oorgrote meerderheid van Afrikaanssprekendes is deur hulle geskiedenis en herkoms gevorm om Protestants-Calvinisties te wees. Die eerste Nederlandse koloniste het reeds in die dae van Jan van Riebeeck die Calvinisme hierheen gebring; en toe die Franse Hugenote gekom het, is die Calvinisme nog verder versterk. Baie van die Duitssprekende koloniste, wat 'n belangrike aandeel aan die opbou van die Afrikanervolk gehad het, het met verloop van tyd ook die Calvinisme aanvaar. As resultaat van 'n historiese proses vind ons dan ook dat aldrie die Afrikaanse kerke vandag op besliste reformatoriese, Calvinistiese grondslag staan.

Daar is egter ook baie Suid-Afrikaners vir wie die Calvinisme nie deel van hulle geestelike erfenis is nie. Onder Engelssprekendes is - ondanks die aanwesigheid van 'n invloedryke Calvinistiese groep, t.w. die Presbiteriane - die meerderheid lede van die Anglikaanse, die Metodistiese en die Kongregasionalistiese kerkgenootskappe, m.a.w. hulle is wel Protestante dog nie Calviniste nie. Dan ook is die Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Afrika goed verteenwoordig. Al hierdie kerkgenootskappe het ook onder nie-blankes onvermoeid gewerk, sodat hulle leer die geestelike erfenis van ook baie nie-blankes geword het. Bowendien vind ons onder die blankes 'n Joodse gemeenskap wat nog altyd sterk aan sy geloof vashou, terwyl onder die nie-blankes - veral in Wes-Kaapland - die Mohammedaanse geloof vry goed verteenwoordig is.

Hierdie saaklike vermelding van godsdienste in Suid-Afrika maak vanselfsprekend geensins aanspraak op volledigheid nie, maar dit wil bloot 'n aanduiding gee van die omvang en verskeidenheid van die Suid-Afrikaanse geestelike erfenis soos dit uit die godsdiens spreek. Die feit dat hierdie gelowe hulle onder moeilike omstandighede gehandhaaf het, en dat talle van die aanhangers daarvan nie slegs daarby vas bly staan nie maar ook onverpoosd arbei om dit uit te brei, getuig op treffende wyse van die groot krag wat van die godsdiens as geestelike erfenis uitgaan.

Dan is daar ons staatsvorm, en inderdaad ons staatkundige opvattinge in die algemeen. Suid-Afrikaners staan daarvoor bekend dat hulle besliste

demokrate/.......

demokrate is. As ons op die geskiedkundige agtergrond van die Afrikaanssprekende en die Engelssprekende let, dan is dit nie moeilik om dit te verstaan nie. Die Afrikaanssprekende se Protestants-Calvinistiese agtergrond het in hoë mate meegebring dat hy herhaaldelik in kragtige verset teen outokrasie gekom en 'n groot pleitbesorger vir die demokrasie geword het. Die Engelssprekende weer, is afkomstig van 'n land wat daarvoor bekend staan/ dat hy deur 'n proses van ewolusie 'n merkwaardige demokratisering van sy bestuursvorm teweeggebring het. Dit hoef ons dus nie te verwonder nie dat ons in Suid-Afrika sulke sterk voorstanders van die demokrasie is, en dat ons 'n belangrike kulminasie daarvan in ons republikeinse staatsvorm sien.

Ons sosiale ordening, en meer bepaald die huisgesin met die invloed wat daarvan uitgegaan het, moet ook hier genoem word. Van baie vroeg in ons geskiedenis word ons daardeur gekenmerk dat ons 'n eenvoudige, gelykgeskakelde sosiale ordening gehad het, waarin daar weinig verskil tussen „stande" of „klasse" was en mense hulle, uit die sosiale oogpunt gesien, min of meer as gelykes gevoel het, mits hulle 'n eerlike, ordentlike lewe gelei het. In hierdie samelewing was die huisgesin, met die erkende vadersgesag, 'n belangrike hoeksteen en onmisbare middelpunt: kinders het hier hulle vernaamste opvoeding vir die lewe ontvang, en die gesinsband was een van die belangrikste waarborge vir onderlinge hulp en beskerming. Wanneer groter, gesamelike take onderneem is, soos bv. in die Groot Trek herhaaldelik gebeur het, het die gesinsband verder uitgekring in die groter familieband: gesinne wat binne dieselfde familieverband was, het hulle dan saamgevoeg, en vandaar dat so baie van die trekgeselskappe eintlik in hoofsaak familietrekke was. Die mense was hulle bewus van 'n sterk familieband.

Ook die onderwys is van belang. Ons weet dat die Hugenote, selfs toe hulle nog in hulle tydelike skermpies op die Stellenbosse oop veld gesit het, reeds om 'n skool vir hulle kinders gevra het. Ons weet ook dat, in die dae van ons pioniersgeskiedenis, die onderwys hoog gewaardeer is, en dat ouers - selfs boere wat baie veraf gewoon het - met behulp van rondtrekkende onderwysers onder moeilike omstandighede gesorg het dat hulle kinders in lees en skryf en godsdiens minstens die noodsaaklike elementêre onderwys gekry het.

Ons weet ook hoedat, gedurende die kwellende depressiejare van ongeveer 1929 - 1933, baie ouers, wat self nie genoeg gehad het om van te lewe nie, hulle hande deurgewerk het om met nederige werkies iets te verdien om 'n seun of 'n dogter op universiteit te hou. Onder Afrikaanssprekendes was, soos van Calviniste kenmerkend is, in die onderwys die godsdiensfaktor baie sterk, sodat by die onderwys van die kinders die Bybel selfs dikwels as leesboek gedien het. Dit het aan die een kant die godsdiens versterk, en aan die ander kant die onderwys in die rigting gestuur wat vir ouers vanselfsprekend was.

Kom ons by die betrekking tussen die staat en die burger, en dié tussen die burgers onderling, dan is vir alle mense die regstelsel van hulle land van groot belang. In Suid-Afrika gebruik ons tot vandag toe die Romeins-Hollandse reg, wat ons van die ou Nederlanders geërf het, maar wat in Nederland self reeds lankal deur 'n ander regstelsel, t.w. die Kode Napoleon, vervang is. Ek konstateer dat ons in ons regstelsel 'n geestelike erfenis het, wat selfs in ons vernaamste stamland, Nederland, al lankal van die toneel verdwyn het.

In ons geestelike erfenis vind ons baie ander terreine. Ek stip nog slegs enkele aan. Ons letterkunde gee vir ons 'n aanduiding van die letterkundige smaak, die denkrigtings en die belangstellingsvelde van Suid-Afrikaners. Of dit Afrikaanse letterkunde of Engelstalige letterkunde is, is om't ewe, solank ons met letterkundige produkte te doen het wat in Suid-Afrika ontstaan het, of deur Suid-Afrikaners in die buiteland geskep is, en dus 'n skepping van die gees van Suid-Afrikaners is. Eweneens is daar ons volksliedere en volksmusiek, en - dikwels in aansluiting hiermee - ontspanning en vermaak. Immers, dit is meermale juis in die vrye tyd van 'n indiwidu of 'n volk dat hy uiting gee van sy mees ongedwonge kulturele begeertes en behoeftes. In al hierdie dinge het ons nie met konkrete dinge te doen nie, maar met dinge van die gees: dit laat vir ons vername sye van ons nasionale geestelike erfenis sien.

B

Teen die agtergrond van die ensiklopediese beskouing kan ons kortliks tot die vertoling of interpretasie oorgaan. Wat lees ons in die voorgaande? Waarvan getuig dit? Wat beteken dit vir ons as Suid-Afrikaners?

Ofskoon/.......

Ofskoon ons hier tussen stoflike en geestelike erfenis onderskei en dit ook apart gestel het, moet ons onthou dat ons dit slegs gedoen het om 'n oorsigtelike beeld moontlik te maak en 'n duidelike begrip te kry. In werklikheid het ons nie met twee aparte, losstaande dinge te doen nie, maar met één groot geheel. Die stoflike is nie sonder die geestelike denkbaar nie, en die geestelike ook nie sonder die stoflike nie. Die twee is bloot die twee sye van 'n erfenis wat in werklikheid één organiese geheel is.

Die stoflike kan beskou word as die uitvloeisel of resultaat, of beter nog, die konkrete projeksie of fisiese vormgewing van die geestelike. Dit is omdat ons voorgeslagte mense met 'n besliste godsdienssin was, en omdat hulle hulle bewus was van 'n sterk begeerte tot gesamelike aanbidding, dat hulle kerkgeboue opgerig het. Dit is omdat die Calvinistiese godsdiens eenvoud eis, en nadruklik op die Heilige Skrif en die prediking klem laat val, dat die kerkgeboue van ons drie erkende Afrikaanse Kerke geen ingewikkelde versiering of ornamentasie vertoon nie en die kansel, met die Heilige Skrif en die prediker, die middelpunt van die aandag maak. Dit is omdat die gesinsband so sterk was, en omdat die behoefte gevoel is om vader en moeder en kinders 'n tuiste te gee waar hulle bymekaar kon wees en fisiese beskerming kon geniet, dat woonhuise gebou is. Dit is omdat mense gevestig geraak het; omdat hulle hulle met verloop van tyd finansieel sterk genoeg gevoel het, en omdat die gesinseenheid vir hulle so 'n buitengewone waarde gehad het, dat hulle groot, kosbare stylvolle woonhuise gaan bou het. Dit is omdat mense die behoefte daaraan gevoel het om by hulle inwoning in hulle huise sekere geriewe te hê, en in hulle onmiddellike persoonlike omgewing geestelike bevrediging uit voorwerpe van skoonheid te put, dat hulle sierlike - dikwels baie kosbare - meubels laat maak het. Dit is ook omdat mense hulle van 'n mate van waardigheid bewus geword het, dat hulle deftige klere gedra het; en omdat hulle 'n besondere betekenis aan sekere geleenthede geheg het, dat dit veral by daardie geleenthede gebeur het.

Dit is omdat mense die behoefte daaraan gevoel het om - ten gevolge van watter rede ook al - van een plek na 'n ander te gaan, dat verkeersmiddele en paaie en spoorweë gebou is; en dit is omdat dié behoefte sterker en dringender geword het, dat verkeersmiddele steeds vinniger en verkeersweë steeds beter geword het. En dit is ook omdat die behoefte steeds sterker geword het om

uitdrukking te gee aan wat daar in die gemoed en intellek omgaan, dat ons alhoemeer boeke en ander geskrifte gekry het. Oral is die begeertes of behoeftes of begrippe van die indiwidu of die groep fundamenteel; as dit nie daar was nie, sou die stoflike erfenis ook nie daar gewees het nie. Daarom het ons rede om te sê dat die stoflike die konkrete projeksie of fisiese vormgewing van die geestelike is.

Ons erfenis is vir ons die barometer van ons beskawing of ontwikkeling in die verlede. Ons ou Kaapse wonings met die pragtige, egte meubels, en die klere wat die destydse koloniste gedra het, dien vir ons as bewyse dat die Kaapse samelewing van daardie tyd reeds 'n hoë beskawingspeil bereik het. Die dienlike, eenvoudiger oorblyfsels van wonings en klere van die binnelandse pioniersgeslagte van later tyd toon weer aan dat, ten gevolge van die yl, wye verspreiding van die veeboerpioniers en die minder intensiewe aanraking en beïnvloeding tussen mense onderling, die gewone beskawingsinvloede nie so intensief kon deurwerk om vir ons dieselfde verfynde stoflike erfenis na te laat nie. Daardie oorblyfsels toon egter nietemin aan dat die beskawing geensins verlore gegaan het nie. Daarom kon dit in later tyd, na mate mense op sekere plekke gevestig geraak het, weer tot volle bloei kom, ook wat die uitwendige vorme of stoflike aspekte daarvan aangaan.

Afgesien daarvan dat ons erfenis die stand of stadia van ons voor- of agteruitgang in die verlede aanwys, lê die betekenis van ons erfenis veral in die feit dat dit vir ons tot spieëlbeeld dien van ons vorming, en tewens tot bewys van ons identiteit as Suid-Afrikaanse nasie. Geen volk of nasie ter wêreld het eenvoudig op 'n gegewe moment op die toneel verskyn nie, of - soos 'n Amerikaanse skrywer dit gestel het - „uit dun lug tevoorskyn gekom nie". Voordat 'n volk of nasie sy verskyning maak, moet 'n wordingsproses daaraan voorafgaan. Soms duur dit lank, en soms gaan dit ook met baie krisisse of selfs bloedige oorloë gepaard. Die proses van volksvorming is in die reël nou eenmaal nie 'n proses wat vlot en glad verloop soos 'n masjien wat goed gesmeer is en sag, goed gebalanseer en perfek loop nie. Dit is in die reël 'n lydensweg, 'n pad van smarte en trane, en juis daarom word die resultaat sonder twyfel en vraagteken deur sowel vriend as vyand aanvaar.

Só was dit ook in Suid-Afrika. Die stoflike erfenis, wat ons in ons openbare musea of private versamelinge sien, is die konkrete bewys van die

dieper/.........

dieper geestelike kragte wat deur 'n lang tyd aan die werk was om die Suid-Afrikaanse nasie in aansyn te roep. Daardie stoflike erfenis verdoesel ook nie die ware verloop van ons nasionale wording nie; inteendeel, dit spreek onomwonde van die harde feite. Ons staan by Setlaar-versamelinge in Grahamstad, Fort Beaufort en Oos-Londen, en ons sien die bewyse van die stryd wat die Britse Setlaars op lewe en dood gevoer het om hulle teen die aanslae van naturelle staande te hou; en ons staan in die Oorlogsmuseum in Bloemfontein, en ons aanskou die aangrypende bewyse van die wanhoopstryd wat die Boererepublieke teen die oormag van die destydse Britse Ryk gevoer het. Sommige van ons mag geneig wees om by sulke geleenthede emosioneel gespanne of selfs verbitter te voel, maar die eis word aan ons gestel om - sonder om enige afbreuk aan die gevoelswaarde van hierdie dinge te doen - op kalme manier die bewyse van ons nasiewording hierin te sien, en hierdie dinge só te verstaan.

Ons erfenis is die sprekende bewys van ons identiteit as Suid-Afrikaanse nasie. Die Afrikanervolk het meer bepaald sy eie erfenis, net soos Engelssprekendes meer bepaald húlle erfenis het. Maar die erfenis van albei saam, is die bewys van die identiteit van die Suid-Afrikaanse nasie. Die sigbare, konkrete dinge is die uitvloeisels van onsigbare, geestelike kragte wat beslissend ingewerk het om in Suid-Afrika 'n nasie te laat ontstaan, wat sy tuiste hier het en geen ander vaderland ken nie. Dit is ons erfenis wat vir ons toon dat ons anders as ander nasies is; dat ons aan Suid-Afrika behoort, en dat ons - of ons dit wil weet of nie - geen ander ware vaderland het of kan hê nie.

Daar is nog iets anders wat nadruklik genoem moet word. Ons het gesien dat die fisiese en geestelike nie van mekaar geskei kan word nie, dat ons in ons erfenis die bewys vind van die ontwikkelingspeil wat ons in die verlede bereik het, en dat ons daarin ook die bewys van ons nasionale identiteit het. Ons moet ook besef dat ons erfenis 'n enorme bate is om vir ons versterking en geloof en krag te gee op die weg wat vir ons voorlê. Ek bedoel dit nou nie maar in die algemeen nie, as 'n soort van vrome wens nie, in die sin dat ons, aangesien ons van oortuigde, hoogstaande volke en voorouers afstam, geroepe is om ook ons beginsels op prys te stel nie. Maar ek bedoel dit meer in die sin dat ons ons steeds van sekere fundamentele beginsels en opvattings terdeë bewus moet bly, beginsels en opvattings wat bv. ons godsdienstige, staatkundige, opvoedkundige

en sosiale lewe oorheers, en waarvan die toekomstige heil van beskawing en Christendom in Suid-Afrika afhanklik is.

Dit moet immers vir iedereen duidelik wees dat, as die blankes van Suid-Afrika - sowel Afrikaanssprekendes as Engelssprekendes - nie meer hulle erkende verhewe godsdienstige beginsels behou nie, as hulle nie meer groot waarde aan die onderwys heg en nie meer 'n gesonde besef van die demokrasie het nie, hulle dan nie alleen self daaronder sal ly nie, maar inderdaad ons hele land en ál sy mense. Ons erfenis is vir ons 'n ryke bron van krag en tegelyk 'n betroubare pleganker in 'n tyd van snel wisselende waardes, dodende nivellering en 'n onrusbarende onverskilligheid ten aansien van dié dinge wat bepalend op die karakter van nasies inwerk. Dit is ons erfenis wat ons daarvan bewus hou dat ons 'n aparte nasie uitmaak en nie maar as 'n verbygaande verskynsel in die suidhoek van 'n groot kontinent beskou moet word nie. S.-Afrikaners besef oor die algemeen die betekenis van hulle nasionale erfenis nog glad nie genoeg nie: Miskien kenmerkend van meeste jong lande. Groot swakheid in ons proses van nasiewording en nasiebou.

In die voorgaande het ek my stiptelik by 'n bespreking van ons erfenis as sodanig bepaal. Ek het opsetlik nie op aspekte van die bewaring daarvan ingegaan nie, want dit is die taak van een van die ander sprekers op hierdie simposium. Dit sal my egter vergun word om ten slotte kortliks na die werk van die Historiese Monumentekommissie te verwys. Ek doen dit graag aangesien ek self verskeie jare lank lid van die Kommissie was en nog steeds met voldoening en vreugde terug dink aan die werk wat ek bevoorreg was om, saam met die ander destydse lede van die Kommissie, te doen.

Onder alle instansies en persone wat hulle in Suid-Afrika vir die bewaring van ons nasionale erfenis beywer, is daar seker nie een wat meer gedoen het as die Historiese Monumentekommissie nie. As 'n statutêre liggaam het die Kommissie die krag en gesag van die wet agter hom, en wanneer hy bv. 'n gebou, 'n antieke voorwerp, of 'n boom of ander gedenkwaardige gewas tot historiese of natuurlike gedenkwaardigheid proklameer, dan moet sy verordening deur almal gerespekteer word en is so 'n gedenkwaardigheid vir die nageslag beveilig. Niemand mag dit sonder die verlof van die Kommissie verander nie; en as iemand dit beskadig, is hy ooreenkomstig die wet aan swaar strawwe onderhewig. Die werk van die Kommissie is soms baie moeilik en dit vereis groot takt en geduld, want as bv. 'n gebou of ander gedenkwaardigheid geproklameer word, dan moet die publiek ook toegang verleen word om dit te besigtig; en dit is vir die

Kommissie/...........

Kommissie begryplikerwyse nie altyd maklik om 'n eienaar te beweeg om hiermee akkoord te gaan nie.

Die Kommissie het sy moeilike taak egter nog steeds met sukses en groot vrug gedoen. Wanneer ons in ons dorpe - veral ons ouer dorpe - rondbeweeg, sien ons meermale die Kommissie se bekende brons kenteken, wat aantoon dat die Kommissie die betrokke gebou of ander voorwerp onder sy beskerming geneem en tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar het. En wanneer ons op ons platteland reis, selfs diep in die binneland, dan kom ons ook dié kenteken teen: hier op 'n massiewe rotsblok, daar op 'n eenvoudige klip suil en elders weer op 'n stewige beton paal, om 'n gedenkwaardige, historiese plek of voorwerp aan te dui of om belangrike roetes - soos bv. dié van die Voortrekkers in Natal - vir die nageslag aan te merk.

Die Historiese Monumentekommissie het op hierdie wyse skitterende werk gedoen om te help om ons erfenis vir ons lewendig te hou en tot ons te laat spreek. Dit geld begryplikerwyse veral vir ons stoflike, konkrete erfenis, want dit is die oorblyfsels hiervan wat met brons en proklamasie beskerm en behou kan word. Maar onregstreeks geld dit eweseer van ons diepe geestelike erfenis, want ons stoflike erfenis is - soos ons reeds gesien het - per slot van rekening niks anders nie as die uitvloeisel van ons geestelike erfenis. Bewaar ons die stoflike, dan spreek dit tot ons van die geestelike, en dan help dit ons om ook die geestelike te bewaar en daardeur vir ons toekomstaak gevoed en versterk te word.

Ons spreek ons hartlike waardering uit teenoor die Monumentekommissie vir die werk wat hy tot nou toe gedoen het; ons dank hom ook vir hierdie simposium, waar hy dit vir ons moontlik gemaak het om te besin oor dié dinge wat vir ons almal na aan die hart lê.

Mag die werk wat die Kommissie en ander instansies en persone doen om ons van ons erfenis bewus te maak en bewus te hou, steeds meer vrug dra. Mag ons as Suid-Afrikaners daardeur gebring word tot 'n heldere, indringende begrip van 'n ryke, sinvolle, eie nasionale bestaan. Hierdeur sal ons gehelp word om ons verlede beter te verstaan; en tegelyk 'n dieper betekenis in ons toekoms te sien.

* * * * * * * * * * *